Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

testpapers.co.za

# SENIOR FASE

# GRAAD 9

# NOVEMBER 2016

# AFRIKAANS HUISTAAL V3
# MEMORANDUM

**PUNTE: 60**

Hierdie memorandum bestaan uit 6 bladsye en rubrieke van 2 bladsye.

## AFDELING A: SKRYFWERK

## VRAAG 1: OPSTEL

Die vraag word uit **20** geassesseer. Die leerder mag slegs oor EEN onderwerp of prikkel skryf en hy/sy mag enige tipe opstel, toepaslik volgens hoe sy/hy die onderwerp interpreteer, skryf. Slegs die finale poging word nagesien. Indien dit onduidelik is watter een die finale poging is, word die eerste opstel nagesien.

**NASIENRIGLYNE**

Dui aan die einde van die opstel die kodes soos volg aan:

**BYVOORBEELD**

**IBF – K4 = 6**
**TSR – K2 = 3**
**TOT. = 9**

Dui dan die totale punt van die opstel onder die opstel aan,
Dra die totaal uit 20 oor na die BEGIN van die vraag.

**LET WEL:** Indien die punt 9½ sou wees, dra dit dan as 10 oor.

**Riglyne**

Assesseer die opstel, sonder vooroordeel, vanuit die leerder se oogpunt en volgens sy/haar interpretasie. Die leerder bied die soort opstel aan volgens die voorskrifte.

**SOORTE OPSTELLE:**

**VERHALENDE OPSTEL**

Dit is ŉ interessante vertelling van ŉ storie of gebeurtenis (gewoonlik uit die verlede). Dit kan vanuit enige perspektief geskryf word.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Dit handel oor iets wat gebeur het en vertel word − dus ŉ storie of gebeurtenis.
- ŉ Sterk storielyn ontwikkel logies en die verhaal oortuig.
- Dit is opreg en met entoesiasme geskryf.
- Die verlede tyd word gebruik, maar die teenwoordige tyd kan ook gebruik word om ŉ gevoel van die hede te skep.
- Die inleidingsparagraaf moet boeiend wees.
- Die verhaal kan uit eie ervaring geskryf word, of dit kan fiktief wees.
- ŉ Verrassende slot.
- Beskrywende elemente moet gebruik word.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet. **[40]**

## BESKRYWENDE OPSTEL

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar (dit is moeilik om iets te beskryf wat nie eerstehands ervaar is nie) en stel die leser in staat om die onderwerp wat beskryf word, net so lewendig soos hy/sy te beleef.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Waarneming met al vyf sintuie (sig, klank, gehoor, smaak en aanraking) en ŉ goeie woordeskat word vereis.
- Skep dus ŉ prentjie in woorde.
- Eie gevoelens oor dit wat beskryf word, kan gegee word.
- Plekke en gebeure word presies en akkuraat beskryf.
- Beeldspraak, idiome en spreekwoorde word op ŉ oorspronklike wyse aangewend.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet. **[40]**

## ARGUMENTERENDE OPSTEL

Die skrywer het ŉ spesifieke mening/opinie daaroor om sy/haar standpunt te motiveer. Die skrywer se mening moet deurgaans duidelik wees. Dit is ŉ subjektiewe (eensydig) opstel waarin die skrywer probeer om die leser te oortuig om sy/haar perspektief te deel.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Begin met die skrywer se standpunt oor die onderwerp op ŉ oorspronklike en treffende wyse.
- Gee ŉ verskeidenheid argumente ter ondersteuning en uitbouing van ŉ standpunt.
- Fokus op punte vir of teen ŉ stelling.
- Druk subjektiewe en sterk menings uit.
- Gebruik ŉ verskeidenheid stylfigure en oorredingstegnieke.
- Gebruik gevoelstaal wat emosioneel kan wees, maar nie kru taal nie.
- Sluit af met ŉ sterk slot, duidelike en oortuigende stelling wat die skrywer se mening reflekteer.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet. **[40]**

**BEREDENERENDE OPSTEL**

Dit is objektief en probeer ŉ gebalanseerde gesigspunt van beide kante van ŉ argument gee. Die skrywer oorweeg verskeie aspekte van die onderwerp onder bespreking en bied teenstellende menings, onpartydig aan. Die skrywer mag tot ŉ spesifieke gevolgtrekking kom aan die einde van die opstel, maar die argumente vir en teen die onderwerp moet goed gebalanseerd wees.

**Hou die volgende in gedagte:**

- Die opstel handel oor ŉ onderwerp waaroor reeds standpunt ingeneem word tydens die inleiding.
- BEIDE kante van die argument moet beredeneer word.
- ŉ Gevolgtrekking wat aansluit by die inleiding word in die slotparagraaf bereik.
- Die leser word deur die skrywer se standpunt oortuig.
- Oorredende en emotiewe taalgebruik kom voor.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens, taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet. **[40]**

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B

## VRAAG 2: TRANSAKSIONELE TEKS

Hier moet die **formaat oorwegend korrek** wees.
Die **opdrag** moet **uitgevoer** word.
Die vraag word uit **10** geassesseer verwerk na 20

**NASIENRIGLYNE:**

Dui aan die einde van die skryfstuk die kodes soos volg aan:

**BYVOORBEELD**

**IBF − K5 = 4**
**TSR - K3 = 2**
**TOT. 6 x 2 = 12**

Dui dan die totale punt vir die skryfstuk aan die regterkant (onder die teks) aan.
Dra die totaal uit **20** oor na die BEGIN van die vraag.

**LET WEL:** Indien die punt 6½ sou wees, dra dan die punt as 7 oor.

2.1 **FORMELE BRIEF – AANSOEK OM BETREKKING**

- Die skrywer se adres verskyn bo regs.
- Die datum waarop die brief geskryf word, word voluit geskryf en nie numeries nie.
- Die adres van die onderneming (ontvanger) word links geskryf.
- ʼn Formele aanhef volgens die ontvanger se adres.
- Bevat ʼn titel of onderwerplyn in die aanhef en kan onderstreep wees
- Daar moet ʼn inleiding, liggaam en ʼn slot wees.
- Die taal, toon en styl is formeel van aard.
- Geen leestekens in die adresse, aanhef en slot nie.
- Sluit die brief formeel af en word gevolg deur die skrywer se titel (opsioneel), voorletters en van. **[20]**

2.2 **HULDEBLYK**

Hierdie huldeblyk bevat die geskiedenis en besonderhede van die afgestorwe leerder.

- Noem die leerder se volle naam, ouderdom, datum en plek van afsterwe en oorsaak van dood.
- Gee ʼn kort oorsig oor die leerder se lewe. Deel herinneringe, noem hoogtepunte en beskryf sy of haar rol op die skool.
- Sluit af deur te noem wat die leerder so besonders gemaak het en vertel hoekom hy of sy gemis gaan word.
- Die taal, styl en register is formeel en moet by die huldeblyk pas.
- Sinstruktuur, spelling, leestekens taalgebruik en paragrafering moet aandag geniet. **[20]**

## 2.3 ADVERTENSIE

Die advertensie moet voldoen aan die ABBA-beginsel.

- Dit moet aandag trek en belangstelling behou.
- Skep ŉ behoefte of begeerte om die produk te gebruik.
- Skep ŉ behoefte of begeerte om die produk te gebruik.
- Dit moet die leerders se belangstelling prikkel.
- Die leerders moet tot aksie oorgaan om die produk te koop.
- Die teikenmark (leerders), uitleg en lettergroottes en taalgebruik moet aandag geniet. **[20]**

**TOTAAL AFDELING B: 20**
**GROOTTOTAAL: 60**

## AFDELING A: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR OPSTEL – HUISTAAL [40]

## VRAAG 1

| **Prestasie aanduiders**<br>20 punte | **Kode 7**<br>**Uitmuntende prestasie**<br>**80−100%** | **Kode 6**<br>**Verdienstelike prestasie**<br>**70−79%** | **Kode 5**<br>**Beduidende prestasie**<br>**60−69%** | **Kode 4**<br>**Voldoende prestasie**<br>**50−59%** | **Kode 3**<br>**Matige prestasie**<br>**40−49%** | **Kode 2**<br>**Basiese prestasie**<br>**30−39%** | **Kode 1**<br>**Ontoereikende prestasie**<br>**0−29%** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **10–12** | **8½ –9½** | **7½ –8** | **6–7** | **5–5½** | **4–4½** | **1–3½** |
| **Inhoud en beplanning**<br><br>**12 punte** | - Uitgebreide, gespesialiseerde kennis van vereistes van teks.<br>- Toon grondige bewustheid van wyer konteks in skryfwerk.<br>- Skryf gedissiplineerd – behou fokus, geen afwykings van formaat.<br>- Inhoud en idees algeheel koherent en hoogs uitgebreid; alle details ondersteun onderwerp.<br>- Bewyse van beplanning en/of eerste poging lei tot feitlike foutlose, gepaste aanbieding.<br>- Formaat hoogs geskik/uitmuntend. | - Baie goeie kennis van formaat van teks.<br>- Toon breë bewustheid van wyer konteks in skryfwerk.<br>- Skryf gedissiplineerd – behou fokus, geen afwykings van formaat.<br>- Inhoud en idees koherent en baie goed uitgebreid, alle details ondersteun onderwerp<br>- Bewyse van beplanning en/of eerste poging lei tot goed saamgestelde, gepaste aanbieding.<br>- Nodige reëls vir formaat van teks baie goed toegepas/verdienstelik. | - Redelike kennis van vereistes van teks.<br>- Toon 'n algemene bewustheid van wyer konteks in skryfwerk.<br>- Skryfwerk behou fokus, min afwykings van formaat.<br>- Inhoud en idees koherent en uitgebreid, meeste details ondersteun onderwerp<br>- Bewyse van beplanning en/of eerste poging lei tot goeie, gepaste aanbieding.<br>- Nodige reëls vir formaat van teks toegepas/verdienstelik. | - Voldoende kennis van vereistes van teks.<br>- Toon enkele tekens van bewustheid van wyer konteks in skryfwerk.<br>- Skryfwerk wyk van onderwerp af, maar dit belemmer nie algehele betekenis<br>- Inhoud en idees voldoende koherent, sommige details ondersteun onderwerp.<br>- Bewyse van beplanning en/of eerste poging lei tot bevredigende, gepaste aanbieding<br>- Vereistes van formaat voldoende toegepas. | - Matige kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon beperkte fokus.<br>- Toon beperkte tekens van bewustheid van wyer konteks in skryfwerk<br>- Skryfwerk wyk van onderwerp af, betekenis plek-plek vaag.<br>- Idees en inhoud matig koherent, sommige details ondersteun onderwerp.<br>- Bewyse van beplanning en/of eerste poging lei tot matige, gepaste en koherente aanbieding.<br>- Het matige idee van formaat van teks – sommige kritiese, nalatige foute. | - Elementêre kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon beperkte fokus.<br>- Toon beperkte tekens van bewustheid van wyer konteks in skryfwerk<br>- Skryfwerk wyk van onderwerp af, betekenis plek-plek onduidelik.<br>- Inhoud en idees nie altyd koherent, baie min details ondersteun onderwerp<br>- Onvoldoende vir Huistaalvlak t.s.v. beplanning en/of eerste poging, swak aanbieding.<br>- Het vae idee van formaat van teks – kritiese, nalatige foute/elementêr. | - Geen kennis van vereistes van teks.<br>- Toon geen tekens van bewustheid van wyer konteks in skryfwerk<br>- Skryfwerk wyk van onderwerp af, betekenis plek-plek onduidelik.<br>- Inhoud en idees nie koherent, baie min details ondersteun onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging onvoldoende.<br>- Swak aanbieding.<br>- Formaat van teks nie toegepas/ontoereikend. |
| | **6½–8** | **5½–6** | **5** | **4–4½** | **3½** | **2½–3** | **0–2** |
| **Taal. styl en redigering**<br><br>**8 punte** | - Grammatikaal akkuraat en briljant saamgestel.<br>- Woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en opdrag (inhoud)<br>- Styl, toon, register hoogs geskik.<br>- Feitlik foutvry na proeflees en redigering.<br>- Lengte korrek. | - Baie goed saamgestel en akkuraat.<br>- Woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en opdrag (inhoud).<br>- Geskikte styl, toon, register vir vereistes van teks.<br>- Grootliks foutvry na proeflees en redigering.<br>- Lengte korrek. | - Goed saamgestel en lees maklik.<br>- Woordeskat geskik vir doel, gehoor en inhoud.<br>- Styl, toon, register meestal geskik.<br>- Meestal foutvry na proeflees en redigering.<br>- Lengte korrek. | - Samestelling voldoende, foute belemmer nie vloei van teks.<br>- Woordeskat voldoende vir doel, gehoor en inhoud.<br>- Styl, toon, register redelik geskik.<br>- 'n Paar foute na proeflees en redigering.<br>- Lengte amper korrek. | - Samestellig basies. Verskeie foute.<br>- Woordeskat beperk en nie baie geskik vir doel, gehoor en inhoud.<br>- Styl, toon en register pas nie altyd by onderwerp nie.<br>- Verskeie foute na proeflees en redigering.<br>- Lengte – te lank/kort. | - Swak saamgestel en moeilik om te volg.<br>- Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel, gehoor en inhoud.<br>- Styl, toon en register nie geskik.<br>- Besaai met foute na proeflees en redigering.<br>- Lengte – te lank/kort. - | - Swak saamgestel en baie moeilik om te volg.<br>- Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie geskik vir doel, gehoor en inhoud<br>- Styl, toon en register kom nie met onderwerp ooreen.<br>- Besaai met foute en verwar leser na proeflees.<br>- Lengte ver te lank/kort. |

Kopiereg voorbehou

## VRAAG 2: ASSESSERINGSRUBRIEK VIR TRANSAKSIONELE TEKSTE: (10 x 2)[20]

| **Prestasie aanduiders**<br>**10 punte** | **Kode 7**<br>**Uitmuntende prestasie**<br>**80−100%** | **Kode 6**<br>**Verdienstelike prestasie**<br>**70−79%** | **Kode 5**<br>**Beduidende prestasie**<br>**60−69%** | **Kode 4**<br>**Voldoende prestasie**<br>**50−59%** | **Kode 3**<br>**Matige prestasie**<br>**40−49%** | **Kode 2**<br>**Basiese prestasie**<br>**30−39%** | **Kode 1**<br>**Ontoereikende prestasie**<br>**0−29%** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | **6–5** | **4½** | **4** | **3** | **2½** | **2** | **1** |
| **Inhoud en beplanning**<br><br>**6 punte** | - Uitgebreide, gespesialiseerde kennis van vereistes van teks<br>- Toon grondige bewustheid van wyer konteks in skryfwerk.<br>- Skryf gedissiplineerd – behou fokus, geen afwykings van formaat.<br>- Inhoud en idees algeheel koherent en hoogs uitgebreid, alle details ondersteun onderwerp.<br>- Bewyse van beplanning en/of eerste poging lei tot feitlike foutlose, gepaste aanbieding.<br>- Formaat hoogs geskik/uitmuntend. | - Baie goeie kennis van formaat van teks.<br>- Toon breë bewustheid van wyer konteks in skryfwerk.<br>- Skryf gedissiplineerd – behou fokus, geen afwykings van formaat.<br>- Inhoud en idees koherent en baie goed uitgebreid, alle details ondersteun onderwerp<br>- Bewyse van beplanning en/of eerste poging lei tot goed saamgestelde, gepaste aanbieding.<br>- Nodige reëls vir formaat van teks baie goed toegepas/verdienstelik. | - Redelike kennis van vereistes van teks.<br>- Toon 'n algemene bewustheid van wyer konteks in skryfwerk.<br>- Skryfwerk behou fokus, min afwykings van formaat.<br>- Inhoud en idees koherent en uitgebreid, meeste details ondersteun onderwerp<br>- Bewyse van beplanning en/of eerste poging lei tot goeie, gepaste aanbieding.<br>- Nodige reëls vir formaat van teks toegepas/verdienstelik. | - Voldoende kennis van vereistes van teks.<br>- Toon enkele tekens van bewustheid van wyer konteks in skryfwerk<br>- Skryfwerk wyk van onderwerp af, maar dit belemmer nie algehele betekenis<br>- Inhoud en idees voldoende koherent, sommige details ondersteun onderwerp.<br>- Bewyse van beplanning en/of eerste poging lei tot bevredigende, gepaste aanbieding.<br>- Vereistes van formaat voldoende toegepas. | - Matige kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon beperkte fokus.<br>- Toon beperkte tekens van bewustheid van wyer konteks in skryfwerk.<br>- Skryfwerk wyk van onderwerp af, betekenis plek-plek vaag.<br>- Idees en inhoud matig koherent, sommige details ondersteun onderwerp.<br>- Bewyse van beplanning en/of eerste poging lei tot matige, gepaste en koherente aanbieding.<br>- Het matige idee van formaat van teks – sommige kritiese, nalatige foute. | - Elementêre kennis van vereistes van teks. Respons op geskrewe teks toon beperkte fokus.<br>- Toon beperkte tekens van bewustheid van wyer konteks in skryfwerk.<br>- Skryfwerk wyk van onderwerp af, betekenis plek-plek onduidelik.<br>- Inhoud en idees nie altyd koherent, baie min details ondersteun onderwerp.<br>- Onvoldoende vir Huistaalvlak t.s.v. beplanning en/of eerste poging, swak aanbieding.<br>- Het vae idee van formaat van teks – kritiese, nalatige foute/elementêr. | - Geen kennis van vereistes van teks.<br>- Toon geen tekens van bewustheid van wyer konteks in skryfwerk<br>- Skryfwerk wyk van onderwerp af, betekenis plek-plek onduidelik.<br>- Inhoud en idees nie koherent, baie min details ondersteun onderwerp.<br>- Beplanning en/of eerste poging onvoldoende.<br>- Swak aanbieding.<br>- Formaat van teks nie toegepas/ontoereikend. |
| | **4** | **3½** | **3** | **2½** | **2** | **1½** | **1** |
| **Taal. styl en redigering**<br><br>**4 punte** | - Grammatikaal akkuraat en briljant saamgestel.<br>- Woordeskat hoogs geskik vir doel, gehoor en opdrag (inhoud)<br>- Styl, toon, register hoogs geskik.<br>- Feitlik foutvry na proeflees en redigering.<br>- Lengte korrek | - Baie goed saamgestel en akkuraat.<br>- Woordeskat baie geskik vir doel, gehoor en opdrag (inhoud)<br>- Geskikte styl, toon, register vir vereistes van teks.<br>- Grootliks foutvry na proeflees en redigering.<br>- Lengte korrek. | - Goed saamgestel en lees maklik.<br>- Woordeskat geskik vir doel, gehoor en inhoud.<br>- Styl, toon, register meestal geskik.<br>- Meestal foutvry na proeflees en redigering.<br>- Lengte korrek. | - Samestelling voldoende, foute belemmer nie vloei van teks.<br>- Woordeskat voldoende vir doel, gehoor en inhoud.<br>- Styl, toon, register redelik geskik.<br>- 'n Paar foute na proeflees en redigering.<br>- Lengte amper korrek. | - Samestellig basies. Verskeie foute.<br>- Woordeskat beperk en nie baie geskik vir doel, gehoor en inhoud.<br>- Styl, toon en register pas nie altyd by onderwerp nie.<br>- Verskeie foute na proeflees en redigering.<br>- Lengte – te lank/kort. | - Swak saamgestel en moeilik om te volg.<br>- Woordeskat benodig remediëring en is nie geskik vir doel, gehoor en inhoud.<br>- Styl, toon en register nie geskik.<br>- Besaai met foute na proeflees en redigering.<br>- Lengte – te lank/kort. | - Swak saamgestel en baie moeilik om te volg.<br>- Woordeskat benodig ernstige remediëring en is nie geskik vir doel, gehoor en inhoud.<br>- Styl, toon en register kom nie met onderwerp ooreen.<br>- Besaai met foute en verwar leser na proeflees.<br>- Lengte ver te lank/kort. |

Kopiereg voorbehou